



Merino kraai koning in wetenskaplike ondersoek

deur Dr Jasper Cloete, Elsenburg

Waarom maak een boer geld met 'n ras, terwyl 'n ander een sukkel om te bestaan met dieselfde ras? Interessante antwoorde het na vore gekom uit 'n studie oor 14 jaar waarin verskillende produksie-eienskappe van drie skaaprasse onder identiese omstandighede met mekaar vergelyk is. Merino's het koning gekraai



“Politiekery” tussen telers van verskillende diererasse laat selde toe dat amptelike vergelykings tussen hulle aan die groot klok gehang word. En boonop is al telkemale bevind dat daar groter produksieverskille binne 'n ras kan voorkom as tussen verskillende rasse. Tog is dit iets waaraan die meeste skaapboere seker soms dink: “is my ras inderdaad beter as die een waarmee die buurman boer, of kan dit wees dat sy ras dalk eienskappe het wat my ras met sekere eienskappe die loef afsteek?”

Produksie-eienskappe van Merino's, SA Vleismerino's en Dohne Merino's onder die vergrootglas geplaas, en die dapper stap is geneem om dit vergelyk onder dieselfde plaastoestande. Daar bestaan min sulke amptelike inligting waarin verskillende skaaprasse se produksie-eienskappe onder presies dieselfde toestande gemeet is nie. Tog is dit belangrik, want dit kan stoettelers en kommersiële kuddeboere help om ingeligte besluite in hul boerderye te neem tot hul finansiële voordeel. En om betyds nodige aanpassings te maak wat tipes binne hul rasse betref om aanpasbaarheid te verbeter.

Inligting wat tussen 1980 en 1994 op die Mariendal-proefplaas by Elsenburg van die Stellenbosse Universiteit ingesamel is, is gebruik. Drie groepe – elkeen 'n stoetery van 80 tot 120 ooië van dié rasse – wat apart onder dieselfde omstandighede aangehou en op dieselfde kampe gewisselwei is, se amptelike statistieke oor dié 14 jaar is gebruik. Alle weiding en byvoeding wat in laat dragtigheid tot laktasieperiodes in die

tydperk gegee is, was identies. Enkelparing met 'n intensiewe stelsel – waar elke lam na geboorte tot vyf dae ouderdom in 'n hok saam met die ma geplaas is – is toegepas. Rekordhouding is noukeurig van alles gehou, waaronder geboortemassas, oorlewing tot speenouderdom (110 dae) en enkelspeengewigte.

Lammers is tussen 10 en 12 maande ouderdomme die eerste keer geskeer, en rouwolwaggewigteisnoukeurigaangeteken. Wolmonsters, asook skoonvagopbrengs, veseldikte, stapellegtes en jaaroudmassas van elke lam is geneem. Seleksie is volgens normale rasstandaarde toegepas. Wat het uit dit alles na vore gekom? (Sien Tabel 1)

SA Vleismerino-ooie het 30 % meer lammers voorgebring oor die tydperk van 14 jaar as Merino-ooie, en Dohne Merino-ooie 7% meer lammers as Merino's. SA Vleismerinolammers was gemiddeld 5 % swaarder as Merinolammers, en Dohne Merinolammers 2 % swaarder as Merinolammers.

Dohne-Merino- en Merinolammers het 'n hoër oorlewingspersentasie getoon as SA Vleismerinolammers. Altesame 83 % van Merinolammers en 85 % van Dohne-Merinolammers wat gebore is het oorleef, eenoor die gemiddelde van 79 % van SA Vleisnerinolammers.

Die gemiddelde speengewig van Dohne-Merino- en SA Vleismerinolammers was 30 kg teenoor die gemiddelde van 26 kg by Merinolammers.


Die totale kilogram lam gespeen per ooi gepaar, was 31 kg by Merino's, 41 kg by Dohne-Merino's, en 44,7 kg by SA Vleismerino's. Dit is beter as die Suid-Afrikaanse gemiddelde wat deur die SA ras-analises aangedui word.

Wat skoonvaggewigte vir jaaroud lammers betref, het dit as volg geblyk (sien Tabel 2): Merino's 3,28 kg, Dohne-Merino's 2,18 kg en SA Vleismerino's 1,63 kg. Merino's het 34 % meer wol gehad as Dohne-Merino's en 50 % meer wol as SA Vleismerino's.

Daar was oor die tydperk min verskil tussen die gemiddelde veseldiktes van Merino's en Dohne-Merino's, maar SA Vleismerino's se gemiddeld was heelwat hoër (Tabel 2).

Dit is alles goed en wel, maar die belangrike vraag is: met watter ras kan die meeste geld gemaak word?

Daar is egter ook eksterne faktore wat 'n rol speel. Dit is onder meer hoe hoog of laag die wolprys is, en hoe vleisprys lyk. Tog: *alles in oënskou geneem wat uit die lang ondersoektydperk na vore gekom het, het die Merino's op Elsenburg as “geldmaker” redelik stof in die ander twee rasse se oë geskop.* Dit is hoofsaaklik weens die hoër wolinkomste en kleiner liggaamsgewig. Selfs 'n klein Merino-ooi het die vermoë om steeds 'n relatief hoë reproduksietempo te handhaaf, is gevind. Al drie stoeterye wat by die ondersoek betrokke was, was waarskynlik baie goed by hul omstandighede aangepas, kan aanvaar word.



Dit beteken nie dat soortgelyke resultate noodwendig onder ander omstandighede en in ander dele van die land gevind sal word nie – tewens, studies in Australië het getoon dat daar baie dikwels groter variasies tussen kuddes binne dieselfde ras bestaan as tussen kuddes van verskillende rasse.

Die gemiddelde wins uit die proef tydperk lyk so: **Figuur 1**

'n Paar jaar gelede was wolpryse besonder goed, wat Merino's uitsonderlik winsgewend laat vertoon het. Nou met huidige hoë vleispryse, doen vleisrasse weer besonder goed. Dit sou dus onmoontlik wees om rigied enige ras as beter as 'n ander voor te hou – want omstandighede wat dit kan beïnvloed kan van plaas tot plaas, van tydperk tot tydperk, en bedryfsituasie tot situasie verskil.

Tabelle:



Tabel 1: Lambers gebore, geboortegewig, oorlewing en speengewig van Merino-, Dohne Merino- en SA Vleismerinolammers 1980 tot 1994 op Mariendal

	Merino	Dohne-Merino	SA Vleis-merino
Hoeveelheid oorie met lamrekords	1 171	1 558	1 528
Lampersentasie (%)	153	176	183
Geboortenmassa (kg)	4,65	4,73	4,92
Lammers gespeen / lambers gebore (%)	83	85	79
Speengewig (kg)	25,9	30,2	32,2

Tabel 2: Wolproduksie van jaarou lammers in die proef

	Merino	Dohne-Merino	SA Vleis-merino
Gem. lamgewig op een jaar (kg)	51,3	60,1	67,4
Skoonvaggewig (kg)	3,28	2,18	1,63
Skoonopbrengs (%)	72,5	66,7	61,2
Gem. mikronsterkte	21,9	21,8	23,7
Stapellengte (mm)	59,1	56,6	49,4

Figuur 1. Bruto inkomste per kleinvee eenheid vir Merino, Dohne Merino and SAVM skape onder gemiddelde wol en vleis pryse vir die periode 1990-2006.



**Ons strewe is groot,
goed geboude
en
veldaangepaste,
genetiese fyn- en
mediumwol ramme**

**7de Produksieveiling
23ste Januarie 2008
T A R K A S T A D**

**IP van Heerden & Seun
Hoogstede
Tarkastad, 5370
(045) 846-9451
082 856-1885**